



Villa Byvoegmiddel Wenk van die Maand

BYVOEGMIDDELS IN DIESELFDE GROEP KAN TOTAAL VERSKIL

Byvoegmiddels se waarde is met verskeie gewasbeskeringsprodukte (GBP) bewys. Dit herstel die GBP effektiwiteit betekenisvol en verseker dat plaagbeheer meer stabiel oor verskeie omgewings is. 'n Mens moet egter altyd in gedagte hou dat die byvoegmiddel bemarkingsaansprake soms vaag is en dat produkte in dieselfde groep, heelwat kan verskil. Dit is daarom belangrik dat die byvoegmiddel wat gebruik word, deeglik getoets is. Dit is ook belangrik dat dit die korrekte en genoeg aktiewe bestanddeel bevat om die funksie ordentlik te verrig. In die onderstaande paragrawe sal die water-kondisioneerders bespreek word om hierdie punt te illustreer.

Soutbyvoegmiddels

Meeste van die sout byvoegmiddels op die Suid-Afrikaanse mark bevat ammoniumsulfaat en maak die aanspraak dat dit antagonistiese katione in spuitwater neutraliseer. Villa glo vas in die gebruik van ammoniumsulfaat omdat ons dit getoets het en die voordele met onkruidodders soos glifosaat, glufosinaat en kletodim ervaar het. 'n Mens moet egter verstaan dat verskillende vloeistofformulasies, verskillende ladings ammoniumsulfaat kan bevat. Dit kan 'n massiewe invloed op onkruidodder effektiwiteit hê, veral in harde en brak water. Verder bevat baie ammoniumsulfaat produkte op die Suid-Afrikaanse mark ook ander bestandele soos benatters, herbenatters en sure. Hierdie ander bestandele kan of aanvaarbaar of onaanvaarbaar vir die gebruik met Villa se glifosaat produkte wees. Villa beveel net sout byvoegmiddels aan wat genoeg ammoniumsulfaat vir die plaaslike toestande bevat. Ons beveel ook net byvoegmiddels met addisionele bestandele aan, indien ons weet of dit aanvaarbaar vir ons glifosaat en ander onkruidodders is. Villa beveel geen nie-ammoniumsulfaat produkte vir hierdie doel aan nie.

Buffers

Omtrent al die bufferetikette op die plaaslikemark beweer dat dit die water pH verlaag tot waar dit aanvaarbaar vir veral insekdoders is. Hierdie byvoegmiddels het egter dikwels verskillende bufferkapasiteite. Dit het dan 'n drastiese invloed op die finale pH. Indien die spuitoplossing pH te hoog is, kan alkaliese hidroliese van sekere insekdoders plaasvind. Indien die pH te laag is, kan ander probleme soos onmengbare spuitmengsels voorkom. Die tipe suur in die buffer formulاسie kan ook verskil. Alhoewel die tipe suur irrelevant mag klink, kan dit 'n groot rol met die GBP effektiwiteit speel. Verder bevat sekere buffers ook benatters en ander komponente in die formulاسie, waar ander net ongemengde buffers is. Die addisionele komponente mag voordelig vir sekere gebruike wees, maar dalk nie vir ander nie. Daarom beveel Villa net geselekteerde buffers, met genoeg bufferkapasiteit, vir die plaaslike waterbronne aan.

Villa se mening

Alhoewel verskillende byvoegmiddels produkte in dieselfde groep mag wees, beteken dit nie dat dit presies dieselfde is nie. Dit beteken ook nie dat dit ewe effektiwief met verskillende waterbronne en onder verskillende toestande gaan presteer nie. Die kern bestandele en metode van werking mag ook verskil. Verder moet byvoegmiddels nie alleenlik op etiketaansprake gemeet word nie. Gebruik eerder byvoegmiddels wat deeglik getoets is en deur die GBP registrasiehouer onderskryf word. Byvoegmiddel keuse kan 'n groot invloed op GBP effektiwiteit hê, daarom moet dit oordeelkundig gedoen word. Hierdie waarskuwings is ook op al die ander byvoegmiddel groepe van toepassing.

Kontak Brian de Villiers vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by 082 880 0974 of bdevilliers@villacrop.co.za